With reference to Government No. 379, dated 2nd March, 1956, as republished under Government Notice No. R. 97, dated 24th January, 1964, it is hereby notified that Mr. Louis Theobald Merian, who was appointed Honorary Consular Agent of Switzerland in Windhoek, has ceased to act in that capacity in Windhoek.

No. R. 1377 (Republiek).]

[9 September 1966

## LUGVAARTREGULASIES, 1963.

Die Minister van Vervoer het, kragtens die bepalings van artikel 22 van die Lugvaartwet, 1962 (Wet No. 74 van 1962), soos gewysig, die regulasie in bygaande Bylae vervat, gemaak.

## BYLAE.

(No. 5.)

Die Lugvaartregulasies, 1963, soos afgekondig by Goewermenskennisgewing No. R. 1779 van 15 November 1963, soos gewysig,\* word hierby verder gewysig deur die byvoeging by paragraaf G.1 van Byvoegsel G van die volgende subparagraaf:—

„(3) *Verbode gebied.*—Vir die tydperk vanaf 2 nm. (1400B) tot 5 nm. (1700B) op 10 September 1966 —

Die gebied begrens deur 'n reguit lyn getrek vanaf 'n punt by S.B. 25° 43' 45" O.L. 28° 16' 10" (die Werkswinkels van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens by Koedoespoort) tot by 'n punt by S.B. 25° 45' 30" O.L. 28° 13' 10" (Magnoliadal) en verder getrek van hierdie punt af tot by 'n punt by S.B. 25° 45' 15" O.L. 28° 09' 40" (Weskoppies-hospitaal), van hierdie punt af tot by 'n punt by S.B. 25° 43' 15" O.L. 28° 10' 05" (Pretoria Portland-Sementwerke) en van hierdie punt tot by eersgenoemde punt by S.B. 25° 43' 45" O.L. 28° 16' 10" (die Werkswinkels van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens by Koedoespoort).”

\* By Goewermenskennisgewings Nos. 1883 van 6 Desember 1963, R. 614 van 24 April 1964, R. 1332 van 3 September 1965 en R. 794 van 20 Mei 1966.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie wysiging is dat die gebied gespesifiseer tot 'n verbode gebied verklaar word vir die genoemde tydperk en gedurende hierdie tydperk mag met geen burgerlike vliegtuie oor hierdie gebied gevlieg word nie.

No. R. 1377 (Republic).]

[9th September, 1966

## AIR NAVIGATION REGULATIONS, 1963.

The Minister of Transport has, in terms of section 22 of the Aviation Act, 1962 (Act No. 74 of 1962), as amended, made the regulation contained in the Schedule hereto.

## SCHEDULE.

(No. 5.)

The Air Navigation Regulations, 1963, as promulgated by Government Notice No. R. 1779 of 15th November, 1963, as amended\*, are hereby further amended by the addition to paragraph G. 1 of Appendix G of the following sub-paragraph:—

“(3) *Prohibited Area.*—For the period from 2 p.m. (1400B) to 5 p.m. (1700B) on 10th September, 1966 —

The area bounded by a straight line drawn from a point at Lat. 25° 43' 45" S Long. 28° 16' 10" E (the Workshops of the South African Railways and Harbours at Koedoespoort), to a point at Lat. 25° 45' 30" S Long. 28° 13' 10" E (Magnolia Dell) and drawn further from this point to a point at Lat. 25° 45' 15" S Long. 28° 09' 40" E (Weskoppies Hospital), from this point to a point at Lat. 25° 43' 15" S Long. 28° 10' 05" E (Pretoria Portland Cement Works) and from this point to the first-mentioned point at Lat. 25° 43' 45" S Long. 28° 16' 10" E (the Workshops of the South African Railways and Harbours at Koedoespoort).”

\* By Government Notices Nos. R. 1883 of 6th December, 1963, R. 614 of 24th April, 1964, R. 1332 of 3rd September, 1965, and R. 794 of 20th May, 1966.

NOTE.—The effect of this amendment is that the area specified is declared a prohibited area for the period mentioned and during this period no civil aircraft may be flown over this area.

No. 1392 (Republiek).]

[23 September 1966

## AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL TIEN TER VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET NO. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel tien ter van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge subartikel (1) van artikel nege van genoemde Wet uitgereik is en waarby ondergenoemde persone verbied is om byeenkomste by te woon:—

No. 1392 Republic.)]

[23rd September, 1966

## PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION TEN TER OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT NO. 44 OF 1950), AS AMENDED.

The Minister of Justice has by virtue of the powers vested in him by section ten ter of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of notices issued in terms of sub-section (1) of section nine of the said Act whereby the undermentioned persons were prohibited from attending gatherings:—

| Name<br>Naam                       | Address mentioned in Notice<br>Adres in kennisgewing vermeld     | Date on which Notice<br>was Delivered<br>Datum waarop kennis-<br>gewing oorhandig is | Date on which Notice<br>Expires<br>Datum waarop kennis-<br>gewing verstryk |
|------------------------------------|--|--|--|
| bono, Sikuleme Alexander . . . . . | Ncora-lokasie/ <i>Location</i> , Cofimvaba                       | 26/6/66  | 30/6/68  |
| Iyamankulu, Songile . . . . .      | Kraal—Nquqhu, Hoofman/ <i>Headman</i><br>K. Matanzima, Cofimvaba | 29/6/66  | 30/6/68  |

No. R. 1399 (Republiek).]

[23 September 1966

No. R. 1399 (Republic).]

[23rd September, 1966

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL TIEN QUIN VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET NO. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel 1) van artikel *tien quin* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, verklaar ek, BALTHAZAR JOHANNES VORSTER, Minister van Justisie van die Republiek van Suid-Afrika, hierby die bepalings van paragraaf (g) *bis* van artikel *elf* van genoemde Wet, ten opsigte van die persoon in die Bylae genoem, van toepassing.

B. J. VORSTER,  
Minister van Justisie.

NOTICE IN TERMS OF SECTION TEN QUIN OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT NO. 44 OF 1950), AS AMENDED.

By virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *ten quin* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, I, BALTHAZAR JOHANNES VORSTER, Minister of Justice of the Republic of South Africa, hereby declare the provisions of paragraph (g) *bis* of section *eleven* of the said Act applicable in respect of the person mentioned in the Schedule hereto.

B. J. VORSTER,  
Minister of Justice.

## BYLAE.—SCHEDULE.

| Naam en aliasse.<br>Name and Aliases. | Datum en plek van<br>geboorte.<br>Date and Place of<br>Birth. | Adres ten tyde van<br>verlating van die<br>Republiek van<br>Suid-Afrika.<br>Address at Time of<br>Leaving the Republic of<br>South Africa. | Beroep ten tyde van<br>verlating van die<br>Republiek van<br>Suid-Afrika.<br>Occupation at Time of<br>Leaving the Republic of<br>South Africa. | Huidige woonplek (sover<br>bekend).<br>Present Whereabouts<br>(as far as is known). |
|---------------------------------------|---|--|--|---|
| einaeng,<br>Benjamin Pule             | 1939, Bloemfontein  | 5180 Bochobella-lokasie/<br><i>Location</i> , Bloemfontein   | Leerling-joernalis/<br><i>Trainee Journalist</i>   | Dar-es-Salaam, Tanzanië<br><i>Tanzania</i>  |

No. 1401 (Republiek).]

[23 September 1966

No. 1401 (Republic).]

[23rd September, 1966

ANWYSING AS BEREDDERAAR VAN DIE BATES VAN DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS, AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT EN DIE SUID-AFRIKAANSE KOMMUNISTIESE PARTY.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak at mnr. David Petrus Wilcocks, Senior Landdros, ingeolge artikel 3 (1) (b) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), gelees met artikel 2 van die Wet op Onwettige Organisasies, 1960 (Wet No. 34 van 1960), aangewys is as beredderaar van die bates van bogenoemde onwettige organisasies. Die adres van die beredderaar is Kamer No. 401, Veritasgebou, Fonteinlaan, Pretoria.

Van enige persoon wat 'n eis teen enige van bogenoemde onwettige organisasies het, word hierby vereis at hy binne een-en-twintig dae na die datum van publikasie hiervan sy eis by die beredderaar indien.

DESIGNATION AS LIQUIDATOR OF THE ASSETS OF THE AFRICAN NATIONAL CONGRESS, AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT AND THE SOUTH AFRICAN COMMUNIST PARTY.

It is hereby notified for general information that Mr. David Petrus Wilcocks, Senior Magistrate, has, in terms of section 3 (1) (b) of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), read with section 2 of the Unlawful Organizations Act, 1960 (Act No. 34 of 1960), been designated as liquidator of the assets of the above-mentioned unlawful organizations. The address of the liquidator is Room No. 401, Veritas Building, Fountain Lane, Pretoria.

Any person having a claim against any of the above-mentioned unlawful organizations, is hereby required to lodge such claim with the liquidator within twenty-one days of the date of publication hereof.

No. R. 1419 (Republiek).] [23 September 1966

No. R. 1419 (Republic).]

[23rd September, 1966

**WYSIGINGS VAN DIE REGULASIES VIR DIE TOEKENNING, VERBEURING EN TERUGGAWE VAN DIE KOMMANDANT-GENERAALS-MEDALJE.**

**AMENDMENT TO THE REGULATIONS GOVERNING THE AWARD, FORFEITURE AND RESTORATION OF THE COMMANDANT GENERAL'S MEDAL.**

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens sy Bevelskrif gepromulgeer in *Staatskoerant* No. 1018, gedateer 5 Februarie 1965, die Regulasies vir die toekenning, verbeuring en teruggawe van die Kommandant-generaals-medalje afgekondig in *Staatskoerant* No. 1024, gedateer 12 Februarie 1965, soos volg te wysig:—

The State President has been pleased, in terms of his Warrant promulgation in *Government Gazette* No. 1018, dated the 5th February, 1965, to amend the Regulations governing the award, forfeiture and restoration of the Commandant General's Medal promulgated in *Government Gazette* No. 1024, dated the 12th February, 1965, as follows:—

*Regulasies* 1 (3), 2 (2), 2 (4), 3, 4 (2) en 4 (3).

*Regulations* 1 (3), 2 (2), 2 (4), 3, 4 (2) and 4 (3).

Vervang die woorde „die Adjudant-generaal” waar dit in hierdie regulasies voorkom, deur die woorde „’n offisier wat die Kommandant-generaal, SAW, vir die doel aangewys het”.

Substitute the words “an officer designated by the Commandant General, SADF, for the purpose” for the words “the Adjutant General” where they appear in these regulations.

No. R. 1420 (Republiek).] [23 September 1966

No. R. 1420 (Republic).]

[23rd September, 1966

**WYSIGING VAN DIE REGULASIES VIR DIE TOEKENNING, VERBEURING EN TERUGGAWE VAN VERSKEIE MILITÊRE DEKORASIES EN MEDALJES.**

**AMENDMENTS TO THE REGULATIONS GOVERNING THE AWARD, FOREFEITURE AND RESTORATION OF VARIOUS MILITARY DECORATIONS AND MEDALS.**

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepaling van artikel 136 (4) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), soos gewysig, die Regulasies vir die toekenning, verbeuring en teruggawe van Dekorasies en Medaljes te wysig soos uiteengesit in die Aanhangsel hiervan.

The State President has been pleased, in terms of section 136 (4) of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), as amended, to amend the Regulations governing the award, forfeiture and restoration of Decorations and Medals as set forth in the Annexure hereto.

**AANHANGSEL.**

**ANNEXURE.**

Vervang die woorde „die Adjunk-generaal” deur die woorde „’n offisier wat die Kommandant-generaal, SAW, vir die doel aangewys het” waar dit voorkom in die Regulasies vir die Toekenning, Verbeuring en Teruggawe van die Dekorasie en Medaljes in onderstaande Bylae gemeld.

Substitute the words “an officer designated by the Commandant General, SADF, for the purpose” for the words “the Adjutant General” where they appear in the Regulations for the Award, Forfeiture and Restoration of the Decorations and Medals indicated in the under-mentioned Schedule.

**BYLAE.**

| Dekorasie of Medalje                                | Regulasies                                     | Afgekondig in <i>Staatskoerant</i>   |
|---|--|--|
| (1) Casteel de Goede Hoop-dekorasie . . . . .       | 2, 11, 13, 15, 19 en 20 (b) . . . . .          | No. 5311, gedateer 16 Julie 1954.  |
| (2) Louw Wepener-dekorasie . . . . .                | 2, 11, 13, 15, 19 en 20 (b) . . . . .          | No. 5311, gedateer 16 Julie 1954.  |
| (3) Ster van Suid-Afrika . . . . .                  | 2, 10, 12, 14, 18 en 19 . . . . .              | No. 5311, gedateer 16 Julie 1954.  |
| (4) Van Riebeeck-dekorasie . . . . .                | 2 (a), 10, 12, 14, 18 en 19 . . . . .          | No. 5311, gedateer 16 Julie 1954.  |
| (5) Honoris Crux . . . . .                          | 2 (a), 10, 12, 14, 18 en 19 . . . . .          | No. 5311, gedateer 16 Julie 1954.  |
| (6) Van Riebeeck-medalje . . . . .                  | 2 (a), 10, 12, 14, 18 en 19 . . . . .          | No. 5311, gedateer 16 Julie 1954.  |
| (7) Suiderkruis-medalje . . . . .                   | 2 (a), 10, 12, 14, 18 en 19 . . . . .          | No. 5311, gedateer 16 Julie 1954.  |
| (8) Korea-medalje . . . . .                         | 1, 2 (a), 3, 5, 6, 11 en 13 . . . . .          | No. 5311, gedateer 16 Julie 1954.  |
| (9) Medalje vir Troue Diens in die Staande Mag      | 10, 12 (b), 14, 16 en 22 . . . . .             | No. 5311, gedateer 16 Julie 1954, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 912, gedateer 27 Oktober 1961. |
| (10) John Chard-dekorasie en die John Chard-medalje | 12, 14 (b), 16, 18, 21 en 24 . . . . .         | No. 5311, gedateer 16 Julie 1954.  |
| (11) De Wet-dekorasie . . . . .                     | 4 (3), 5 (3), 6 (2), 6 (4), 7, 8, (2) en 8 (3) | No. 1293, gedateer 3 Desember 1965.  |

**SCHEDULE.**

| Decoration or Medal                                 | Regulations                                    | Promulgated by <i>Government Gazette</i>  |
|---|--|---|
| (1) Castle of Good Hope Decoration . . . . .        | 2, 11, 13, 15, 19 and 20 (b) . . . . .         | No. 5311, dated the 16th July, 1954.  |
| (2) Louw Wepener Decoration . . . . .               | 2, 11, 13, 15, 19 and 20 (b) . . . . .         | No. 5311, dated the 16th July, 1954.  |
| (3) Star of Africa . . . . .                        | 2, 10, 12, 14, 18 and 19 . . . . .             | No. 5311, dated the 16th July, 1954.  |
| (4) Van Riebeeck Decoration . . . . .               | 2 (a), 10, 12, 14, 18 and 19 . . . . .         | No. 5311, dated the 16th July, 1954.  |
| (5) Honoris Crux . . . . .                          | 2 (a), 10, 12, 14, 18 and 19 . . . . .         | No. 5311, dated the 16th July, 1954.  |
| (6) Van Riebeeck Medal . . . . .                    | 2 (a), 10, 12, 14, 18 and 19 . . . . .         | No. 5311, dated the 16th July, 1954.  |
| (7) Southern Cross Medal . . . . .                  | 2 (a), 10, 12, 14, 18 and 19 . . . . .         | No. 5311, dated the 16th July, 1954.  |
| (8) Korea Medal . . . . .                           | 1, 2 (a), 3, 5, 6, 11 and 13 . . . . .         | No. 5311, dated the 16th July, 1954.  |
| (9) Permanent Force Good Service Medal              | 10, 12 (b), 14, 16 and 22 . . . . .            | No. 5311, dated the 16th July, 1954, as amended by Government Notice No. 912, dated the 27th October, 1961. |
| (10) John Chard Decoration and the John Chard Medal | 12, 14 (b), 16, 18, 21 and 24 . . . . .        | No. 5311, dated the 16th July, 1954.  |
| (11) De Wet Decoration . . . . .                    | 4 (3), 5 (3), 6 (2), 6 (4), 7, 8 (2) and 8 (3) | No. 1293, dated the 3rd December, 1965.   |

No. 1429 (Republiek.) [23 September 1966

**AANSTELLING VAN EERSTE MINISTER,  
MINISTER EN ADJUNK-MINISTER.**

Hierby word bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels *twintig* en *een-en-twintig* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, die onderstaande aanstellings goed te keur:—

- (a) Sy Edele B. J. Vorster as Eerste Minister en Minister van Polisie, met ingang van 13 September 1966.
- (b) Sy Edele P. C. Pelser, as Minister van Justisie en van Gevangenis, met ingang van 14 September 1966.
- (c) Sy Edele S. L. Muller, as Adjunk-minister van Justisie, van Polisie en van Gevangenis, met ingang van 14 September 1966.

Die Staatspresident het ook goedgekeur dat die samestelling van die Kabinet origins onveranderd bly en dat die huidige diensdoende Adjunk-ministers hul ampte behou.

No. 1474 (Republic.) [30 September 1966

**ADVISERENDE KOMITEE VIR BURGERLIKE LUGVAART. — AANSTELLING VAN LEDE.**

Dit het die Staatspresident behaag om, ooreenkomstig die bepalings van artikel 5 (2) van die Lugvaartwet, 1962 (Wet No. 74 van 1962), die volgende lede van die Adviseerende Komitee vir Burgerlike Lugvaart vir die tydperk eindigende 31 Oktober 1968, in die hoedanigheid, soos aangedui teenoor hulle name, aan te stel:—

- Adjung-sekretaris van Vervoer (Burgerlugvaart en Marine) — lid en Voorsitter.
- Direkteur van Burgerlugvaart — lid en Voorsitter in afwesigheid van die Adjung-sekretaris (Burgerlugvaart en Marine).

No. 1480 (Republiek.) [30 September 1966

**AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL TIEN TER VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET NO. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.**

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *tien ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge subartikel (1) van artikel *nege* van genoemde Wet uitgereik is en waarby ondergenoemde persone verbied is om byeenkomste by te woon:—

| Name<br>Naam           | Address mentioned in Notice<br>Adres in kennisgewing vermeld   | Date on which Notice was Delivered<br>Datum waarop kennisgewing oorhandig is | Date on which Notice Expires<br>Datum waarop kennisgewing verstryk |
|------------------------|--|--|--|
| Ajam, Achmat . . . . . | 21 Kingsleyweg/Road, Soutrivier/Salt River, Kaapstad/Cape Town | 1/9/66   | 31/7/71  |

No. 1491 (Republiek.) [30 September 1966

Dit het die Staatspresident behaag om op 25 Augustus 1966 erkenning, met ingang van 13 Augustus 1966, aan mnr. Alfred Schelp te verleen as Konsul van die Verenigde State van Amerika in Kaapstad met (i) die Kaapprovinsie, uitgesonderd die landdrosdistrikte Humansdorp, Steytlerville, Jansenville, Aberdeen, Murraysburg, Graaff-Rei-

No. 1429 (Republic.) [23rd September, 1966

**APPOINTMENT OF PRIME MINISTER, MINISTER AND DEPUTY-MINISTER.**

It is hereby notified that the State President has been pleased, under the powers vested in him by sections *twenty* and *twenty-one* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to approve of the following appointments:

- (a) The Honourable B. J. Vorster as Prime Minister and Minister of Police, with effect from the 13th September, 1966.
- (b) The Honourable P. C. Pelser, as Minister of Justice and of Prisons, with effect from the 14th September, 1966.
- (c) The Honourable S. L. Muller, as Deputy-Minister of Justice, of Police and of Prisons, with effect from the 14th September, 1966.

The State President has also approved of the constitution of the Cabinet otherwise remaining unchanged and of the present serving Deputy-Ministers retaining their offices.

No. 1474 (Republic.) [30th September, 1966

**CIVIL AVIATION ADVISORY COMMITTEE. — APPOINTMENT OF MEMBERS.**

The State President has been pleased to appoint, in terms of section 5 (2) of the Aviation Act, 1962 (Act No. 74 of 1962), the following members of the Civil Aviation Advisory Committee for the period ending 31st October, 1968, in the capacity as indicated against their names:—

- Deputy-Secretary for Transport (Civil Aviation and Marine) — member and Chairman.
- Director of Civil Aviation — member and Chairman in the absence of the Deputy-Secretary for Transport (Civil Aviation and Marine).

No. 1480 (Republic.) [30th September, 1966

**PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION TEN TER OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT NO. 44 OF 1950), AS AMENDED.**

The Minister of Justice has by virtue of the powers vested in him by section *ten ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of notices issued in terms of sub-section (1) of section *nine* of the said Act whereby the undermentioned persons were prohibited from attending gatherings:—

No. 1491 (Republic.) [30th September, 1966

The State President has been pleased to grant on 25th August, and with effect from 13th August, 1966, recognition to Mr. Alfred Schelp as Consul of the United States of America in Cape Town, with (i) that portion of the Cape of Good Hope which does not include the Magisterial Districts of Humansdorp, Steytlerville, Jansen-

net, Middelburg, Hanover en Colesberg en die distrikte ten ooste daarvan; en (ii) die gebied Suidwes-Afrika as sy regsgebied, in afwagting van die uitreiking aan hom van 'n Erkenningsbesluit. Mnr. Schelp is die opvolger van mnr. A. P. McNeill (Jnr.).

ville, Aberdeen, Murraysburg, Graaff-Reinet, Middelburg, Hanover and Colesberg and the Districts to the east thereof; and (ii) the Territory of South West Africa, as his area of jurisdiction in anticipation of the issuance to him of an Exequatur. Mr. Schelp is the successor to Mr. A. P. McNeill (Jnr.).

No. 1495 (Republiek).]

[30 September 1966

REGULASIES KRAGTENS ARTIKEL *TWAALF* VAN DIE WET OP STATISTIEKE, 1957 (WET NO. 73 VAN 1957), SOOS GEWYSIG.

OPNAME VAN GESINSUITGAWES, 1965-66.

Die Staatspresident het kragtens die bepalings van artikel 12 van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), soos gewysig by die Wysigingswet op Statistieke, 1965 (Wet No. 6 van 1965), die volgende regulasies in verband met die versameling van statistieke ten opsigte van gesinsuitgawes uitgevaardig:—

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het elke uitdrukking waaraan in die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), soos gewysig, 'n betekenis geheg word, die betekenis aldus daaraan geheg, en beteken —

„gesin” 'n gesin wat in 'n huis of 'n woonstel woon en wat bestaan uit —

- (a) man en vrou; of
- (b) man, vrou en kind of kinders; of
- (c) man en kind of kinders; of
- (d) vrou en kind of kinders; of
- (e) 'n gesin soos in (a) en tot (d) beskryf met ander afhanklikes, familiebetrekkings, loseerders, kamerhuurders en besoekers wat by hulle inwoon;

„ander afhanklikes” familiebetrekkings of ander persone wat geheel en al of gedeeltelik afhanklik is van die hoof van die gesin vir hulle lewensonderhoud;

„hoof van 'n gesin” of „gesinshoof”, in die geval van —

- (i) 'n gesin wat bestaan uit man en vrou, of man, vrou en kind of kinders, of man en kind of kinders, die man;
- (ii) 'n gesin wat bestaan uit vrou en kind of kinders, die vrou; en
- (iii) 'n gesin met ander afhanklikes, familiebetrekkings, loseerders, kamerhuurders en besoekers wat by die gesin inwoon, die man of die vrou, na gelang van die gesinsamestelling soos beskryf in (i) en (ii) hiervan.

2. Elke gesinshoof aan wie vraelyste ingevolge hierdie regulasies oorhandig is, moet op of voor 7 Desember 1966 op sodanige vraelyste opgawes indien waarin al die besonderhede en inligting voorgeskryf in regulasie 3 verstrekk word. Die opgawes moet aan 'n beampete wat deur die Direkteur van Statistiek, Pretoria, daartoe gemagtig is, oorhandig word.

3. Die volgende besonderhede en inligting moet in die vraelyste in regulasie 2 genoem, verstrekk word:—

- (i) Wat lede van die gesin betref: Gesinsamestelling volgens geslag; ouderdom; beroep of profesie; bedryf; dae afwesig van tuiste gedurende November 1966; en of werkende kinders en afhanklikes al hulle benodighede van die hoof van die gesin ontvang of slegs losies en huisvesting.
- (ii) Wat ander persone betref wat by die gesin woon: In watter hoedanigheid elkeen by die gesin woon, soos byvoorbeeld getroude kind, afhanklike van getroude kind, ander familiebetrekking, besoeker, loseerder, kamerhuurder; geslag; ouderdom of persoon losies en huisvesting ontvang, 'n tafelloseerder is sonder kamer of kamerhuur sonder maaltye; en dae afwesig van tuiste gedurende November 1966.

No. 1495 (Republic).]

[30th September, 1966

REGULATIONS UNDER SECTION *TWELVE* OF THE STATISTICS ACT, 1957 (ACT NO. 73 OF 1957), AS AMENDED.

SURVEY OF FAMILY EXPENDITURE, 1965-66.

The State President has under the provisions of section 12 of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), as amended by the Statistics Amendment Act, 1965 (Act No. 36 of 1965), made the following regulations in connection with the collection of statistics relating to family expenditure:—

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates, any expression to which a meaning is assigned in the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), as amended, shall have the meaning so assigned thereto, and —

“family” means a family which lives in a house or a flat and which consists of —

- (a) husband and wife; or
- (b) husband, wife and child or children; or
- (c) husband and child or children; or
- (d) wife and child or children; or
- (e) a family as described in (a) to (d) with other dependants, relatives, boarders, lodgers and visitors living with them;

“other dependants” means relatives or other persons who are entirely or partly dependent on the head of the family for their maintenance;

“head of a family” means, in the case of —

- (i) a family consisting of husband and wife, or husband, wife and child or children, or husband and child or children, the husband;
- (ii) a family consisting of wife and child or children, the wife; and
- (iii) a family with other dependants, relatives, boarders, lodgers and visitors who live with the family, the husband or the wife depending on the family composition as described in (i) and (ii) hereof.

2. On or before 7th December, 1966, each head of a family to whom questionnaires under the provisions of these regulations have been delivered, shall on such questionnaires render returns containing all the particulars and information prescribed in regulation 3. The returns shall be handed to an officer who has been authorised thereto by the Director of Statistics, Pretoria.

3. The following particulars and information shall be furnished in the questionnaires referred to in regulation 2:—

- (i) In regard to the members of the family: Family composition according to sex; age; occupation or profession; industry; days absent from the home during November 1966; and whether working children and dependants receive all their necessities from the head of the family or only board and lodging.
- (ii) In regard to other persons living with the family: In which capacity each lives with the family, for example, married child, dependant of married child, other relative, visitor, boarder, lodger; sex; age; whether person receives board and lodging or is a table-boarder without a room or a lodger without meals; and days absent from the home during November, 1966.

- (iii) Wat die woning betref: Tipe woning; getal kamers volgens tipe in die woning; okkupasievoorwaardes; betalings vir November 1966 en vir die twaalf maande geëindig 31 Oktober 1966 ten opsigte van huur, water, sanitêre diens en verwydering van vuilgoed; geraamde maandelikse huurwaarde van die woning indien dit die eiendom van die gesins-hoof is of deur hom in huurkoop aangekoop is; ten opsigte van 'n eienaar bewoonde woning, maandelikse afbetalings en 'n verdeling van afbetaling tussen kapitaal en rente vir November 1966; koste van eiendomsbelasting, versekering van geboue teen brand, stormskade, ens., versekering ter dekking van verbandskuld, koste van herstelwerk aan en onderhoud van geboue en verbeterings en koste van verbeterings vir die twaalf maande geëindig 31 Oktober 1966.
- (iv) Die getal voltydse en deelydse bediendes volgens ras in diens gedurende November 1966 en die totale kontantlone aan sodanige bediendes asook die bedrag van Bantoeregistrasiegelde gedurende November 1966 betaal.
- (v) Totaal en ontleding van uitgawes aangegaan ten opsigte van verblyf elders.
- (vi) Totaal en ontleding van die bedrag wat gedurende die twaalf maande geëindig 31 Oktober 1966 betaal is ten opsigte van meublement, elektriese en nie-elektriese uitrusting, radio's, radiogramme, bandopneemtoestelle en musiekinstrumente en die koopprys van dergelike artikels gedurende die twaalf maande geëindig 31 Oktober 1966 aangekoop.
- (vii) Totaal en ontleding van die koste van ander huishoudelike, tuin- en werkswinkeluitrusting gedurende die twaalf maande geëindig 31 Oktober 1966 aangekoop.
- (viii) Herstelkoste van meublement en uitrusting gedurende die twaalf maande geëindig 31 Oktober 1966.
- (ix) Totaal en ontleding van die koste van klerasie, skoeisel en persoonlike bybehore en herstelwerk daaraan gedurende die twaalf maande geëindig 31 Oktober 1966.
- (x) Totaal en ontleding van bruto en netto koste van mediese en tandheelkundige dienste gedurende die twaalf maande geëindig 31 Oktober 1966.
- (xi) bydraes tot mediese- en siekefondse en siekteversekering gedurende die twaalf maande geëindig 31 Oktober 1966.
- (xii) Private vervoer; getal voertuie besit volgens tipe; prys van voertuig of voertuie aangekoop en waarde waarvoor ou voertuig of voertuie ingeruil of verkoop is gedurende die twaalf maande geëindig 31 Oktober 1966; bedrag van afbetalings op voertuie en totaal en ontleding van vervoerkoste gedurende die twaalf maande geëindig 31 Oktober 1966.
- (xiii) Ander vervoer: Totaal en ontleding van koste aangegaan gedurende die twaalf maande geëindig 31 Oktober 1966.
- (xiv) Totaal en ontleding van koste van —
- (a) kommunikasiedienste;
- (b) versekering en pensioen;
- (c) onderwys;
- (d) leesstof en skryfbehoeftes;
- (e) ontspanning, vermaaklikheid en sport;
- (f) lidmaatskap van verenigings, donasies, geskenke, bydraes;
- (g) inkomstebelasting;
- (h) onderhoud van tuin, pluimvee, ens.;
- (i) geplukte blomme;
- (j) finansierings- en bankkoste;
- (k) begrafniskoste; en
- (l) oprigting van grafstene en onderhoud van grafte gedurende die twaalf maande geëindig 31 Oktober 1966.
- (iii) In regard to the dwelling: Type of dwelling; number of rooms, according to type, in the dwelling; terms of occupancy; payments for November, 1966, and for the twelve months ended 31st October, 1966, in respect of rent, water, sanitary service and refuse removal; estimated monthly rental value of the dwelling if it is the property of the head of the family or if bought by him by hire-purchase; in respect of an owner-occupied dwelling, monthly payments and a distribution of such payment between capital and interest for November, 1966; cost of assessment rates, insurance of buildings against fire, storm damage, etc., insurance covering mortgage debt, cost of repairs to and maintenance of buildings and improvements and cost of improvements for the twelve months ended 31st October, 1966.
- (iv) The number of full-time and part-time servants, according to race, employed during November, 1966, and the total cash wages paid to such servants during November, 1966, as well as the amount of Bantu registration fees paid during November, 1966.
- (v) Total and analysis of expenditure incurred in respect of residence elsewhere.
- (vi) Total and analysis of the amount paid during the twelve months ended 31st October, 1966, in respect of furniture, electrical and non-electrical equipment, radios, radiograms, tape recorders and musical instruments and the purchase price of similar articles purchased during the twelve months ended 31st October, 1966.
- (vii) Total and analysis of the cost of other household, garden and workshop equipment purchased during the twelve months ended 31st October, 1966.
- (viii) Cost of repairs to furniture and equipment during the twelve months ended 31st October, 1966.
- (ix) Total and analysis of the cost of clothing, footwear and personal accessories and repairs thereto during the twelve months ended 31st October, 1966.
- (x) Total and analysis of gross and net cost of medical and dental services during the twelve months ended 31st October, 1966.
- (xi) Subscriptions to medical and sick funds and sickness insurance during the twelve months ended 31st October, 1966.
- (xii) Private transport: Number of vehicles owned according to type; price of vehicle or vehicles purchased and value at which old vehicle or vehicles were traded in or sold during the twelve months ended 31st October, 1966; amount of repayments on vehicles and total and analysis of transport costs during the twelve months ended 31st October, 1966.
- (xiii) Other transport: Total and analysis of costs incurred during the twelve months ended 31st October, 1966.
- (xiv) Total and analysis of cost of —
- (a) communication services;
- (b) insurance and pension;
- (c) education;
- (d) reading matter and stationery;
- (e) recreation, amusement and sport;
- (f) membership of associations, donations, gifts and contributions;
- (g) income tax;
- (h) maintenance of garden, poultry, etc.;
- (i) cut flowers;
- (j) finance and bank charges;
- (k) funeral costs; and
- (l) erection of gravestones and maintenance of graves during the twelve months ended 31st October, 1966.

- (xv) Totaal en ontleding van hoeveelheid en/of koste van —
- voedsel;
  - nie-alkoholiese drank;
  - alkoholiese drank;
  - sigarette, sigare, tabak en rokersbybehore;
  - brandstof en lig;
  - was-, skoonmaak- en ontsmettingsmiddels;
  - wassery- en droogskoonmaakdiens; en
  - persoonlike versorgingsdiens en artikels gedurende die maand November 1966 aangekoop.
- (xvi) Koste van etes en verversings weg van die huis waarvoor uit die gesinsbegroting betaal is gedurende die maand November 1966.
- (xvii) Ander uitgawes gedurende die twaalf maande geëindig 31 Oktober 1966 aangegaan (gespesifiseer).
- (xviii) Totaal en ontledings van hoeveelheid en/of markwaarde van tuisgeproduseerde voedsel verbruik gedurende die twaalf maande geëindig 31 Oktober 1966.
- (xix) Totaal en ontleding van inkomste uit spesifieke bronne van sowel die man as die vrou gedurende die twaalf maande geëindig 31 Oktober 1966.

4. 'n Gesinshoof van wie opgawes kragtens hierdie regulasies verlang word en wat, nadat sodanige vraelyste aan hom of haar oorhandig is, sonder redelike oorsaak versuim om aan hierdie regulasies te voldoen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand of, in geval van 'n voortdurende versuim om daaraan te voldoen, met 'n boete van hoogstens twee rand vir elke dag waarop sodanige versuim voortduur.

No. R. 1511 (Republiek).] [30 September 1966

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 1. (NO. 1/63).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,  
Minister van Finansies.

BYLAE.

| I  | II                  | III                    | IV     | V        |
|--|---------------------|------------------------|--------|----------|
| Tariefpos  | Statistiese Eenheid | Skaal van Reg Algemeen | M.B.N. | Voorkeur |
| 20.07 Deur tariefpos No. 20.07 deur die volgende te vervang:   |                     |                        |        |          |
| „20.07 Vrugesappe (met inbegrip van druiwemos) en groentesappe, hetsy met bygevoegde suiker al dan nie, maar wat ongegis is en nie spiritus bevat nie: |                     |                        |        |          |
| 20.07.10 Sitrusapkonsentraat   | gel.                | vry                    |        |          |
| 20.07.90 Ander   | gel.                | 25%”                   |        |          |

OPMERKINGS — Tydelike voorsiening, vry van reg, word vir sitrusapkonsentraat gemaak. Hierdie voorsiening sal veertien dae vanaf datum ingetrek word.

No. R. 1511 (Republic).] [30th September, 1966

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/63).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,  
Minister of Finance.

SCHEDULE.

| I  | II               | III                  | IV     | V            |
|--|------------------|----------------------|--------|--------------|
| Tariff Heading   | Statistical Unit | Rate of Duty General | M.F.N. | Preferential |
| 20.07 By the substitution for tariff heading No. 20.07 of the following:   |                  |                      |        |              |
| “20.07 Fruit juices (including grape must) and vegetable juices, whether or not containing added sugar, but unfermented and not containing spirit: |                  |                      |        |              |
| 20.07.10 Citrus juice concentrate  | gal.             | free                 |        |              |
| 20.07.90 Other   | gal.             | 25%”                 |        |              |

NOTE — Temporary provision, free of duty, is made for citrus juice concentrate. This provision will be withdrawn fourteen days from date.



No. 1583 (Republiek).]

[14 Oktober 1966

HANDELSKEEPVAARTWET, 1951, (WET NO. 57 VAN 1951), SOOS GEWYSIG.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Vervoer, kragtens subartikel (3) van artikel drie van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951) soos gewysig, gelas het dat artikels *honderd-en-twee* tot en met artikel *honderd-en-nege*, artikels *honderd-en-dertien* en *honderd-en-twintig* tot en met artikel *honderd vier-en-twintig* en artikels *honderd drie-en-dertig*, *honderd vier-en-dertig*, *honderd vyf-en-veertig*, *honderd agt-en-tagtig* en *driehonderd drie-en-twintig* nie van toepassing is nie met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing ten aansien van die gesagvoerder, seelui of leerlingoffisiere van enige van die ondergenoemde vaartuie wat aan die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens behoort:—

Steenbok  
Wildebess  
Eland

No. R. 1593 (Republiek).]

[14 Oktober 1966

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/64).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,  
Minister van Finansies.

## BYLAE.

| I   | II                  | III                    | IV     | V        |
|---|---------------------|------------------------|--------|----------|
| Tariefpos   | Statistiese Eenheid | Skaal van Reg Algemeen | M.B.N. | Voorkeur |
| 20.07 Deur tariefpos No. 20.07 deur die volgende te vervang:  |                     |                        |        |          |
| „20.07 Vrugtesappe (met inbegrip van druiewemos) en groentesappe, hetsy met bygevoegde suiker al dan nie, maar wat ongegis is en nie spiritus bevat nie | gal.                | 25%”                   |        |          |

OPMERKING — Die reg op sitrussapkonsentraat word van vry na 25% verhoog.

No. R. 1594 (Republiek).]

[14 Oktober 1966

## GESONDHEID.

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD.

WYSIGING VAN DIE REÛLS BETREFFENDE DIE REGISTRASIE VAN ADDISIONELE KWALIFIKASIES.

Die Minister van Gesondheid het in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (4) van artikel vier-en-negentig van die Wet op Geneesher, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan onderstaande wysiging van die reëls wat die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens paragraaf (h) van sub-

No. 1583 (Republic).]

[14th October, 1966

MERCHANT SHIPPING ACT, 1951 (ACT NO. 57 OF 1951), AS AMENDED.

It is hereby notified for general information that the Minister of Transport has, in terms of sub-section (3) of section three of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), as amended, directed that sections *one hundred and two to one hundred and nine*, inclusive, *one hundred and thirteen*, *one hundred and twenty to one hundred and twenty-four*, inclusive, *one hundred and thirty-three*, *one hundred and thirty-four*, *one hundred and forty-five*, *one hundred and eighty-eight and three hundred and twenty-three* shall not apply in respect of the master, seamen or apprentice-officers of any of the undermentioned vessels belonging to the South African Railways and Harbours Administration with effect from the date of publication of this notice:—

Steenbok  
Wildebess  
Eland.

No. R. 1593 (Republic).]

[14th October, 1966

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/64).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,  
Minister of Finance.

## SCHEDULE.

| I  | II               | III                  | IV     | V            |
|--|------------------|----------------------|--------|--------------|
| Tariff Heading   | Statistical Unit | Rate of Duty General | M.F.N. | Preferential |
| 20.07 By the substitution for tariff heading No. 20.07 of the following:   |                  |                      |        |              |
| “20.07 Fruitjuices (including grape must) and vegetable juices, whether or not containing added sugar, but unfermented and not containing spirit | gal.             | 25%”                 |        |              |

NOTE — The duty on citrus juice concentrate is increased from free to 25%.

No. R. 1594 (Republic).]

[14th October, 1966

## HEALTH.

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL.

AMENDMENT OF THE RULES REGARDING THE REGISTRATION OF ADDITIONAL QUALIFICATIONS.

The Minister of Health, in the exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), as amended, has approved the following amendment of the rules made by the South African Medical and Dental Council under paragraph (h) of sub-section (2) of the said section of the Act and published under

het en wat by Goewermentskennisgewing No. R.1691 van 30 Oktober 1964, soos gewysig, afgekondig is:

Deur die toevoeging van die volgende verdere kwalifikasies onder die opskrif:

(a) *Geneeshere*

| <i>Eksaminerende liggaam</i>  | <i>Kwalifikasie</i>                             | <i>Afkorting vir registrasie</i> |
|-------------------------------|---|----------------------------------|
| Universiteit van Stellenbosch | Magister in Geneeskunde (Radiologiese Diagnose) | M.Med. (Rad.D.) Univ. Stell.     |
|                               | Magister in Geneeskunde (Radiologiese Terapie)  | M.Med. (Rad.T.) Univ. Stell.     |

No. 1628 (Republiek.)]

[21 Oktober 1966

#### VERBETERINGSKENNISGEWING.

Proklamasie No. 229 van 1966 word hierby soos volg in die Afrikaanse teks verbeter:

1. Deur die vervanging van die woord „fenielpropietiamien” en „prenalimien” deur onderskeidelik „fenielpropanolamien” en „prenilamien”.
2. Deur die vervanging van die woord „1-doksied” deur die woord „1-dioksied”.
3. Deur die vervanging van die woord „metchlotiasied” deur die woord „metchlorotiasied”.
4. Deur die invoeging van 'n kommapunt tussen die woorde „verbindings” en „Piratiasien”.
5. Deur die vervanging van die woord „Fluorourasil” deur die woord „Fluoorurasil”.
6. Deur die vervanging van die woord „3diol” deur die woord „3-diol”.
7. Deur die vervanging van die komma na die woorde „(Propaan — 1 : 2 — diol en Propaan — 1 : 3 — diol)” deur 'n koppelteken.

No. 1633 (Republiek.)]

[21 Oktober 1966

#### WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE EKSASENS AAN GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE SKOLE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA AFGENEEM.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vyf-en-twintig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), soos gewysig, gelees met subartikel (1) van artikel *vier-en-negentig* van genoemde Wet, en na oorweging van 'n aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 1686 van 30 Oktober 1964 te wysig —

deur die skraping van regulasie 1 en die vervanging daarvan deur die volgende nuwe regulasie 1:

- „1. Indien die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad op sy eerste vergadering in enige bepaalde jaar besluit om die eksamens aan geneeskundige en/of tandheelkundige skole in die Republiek gedurende daardie jaar te inspekteer, moet hy persone aanstel om teenwoordig te wees by, en verslag te doen oor, die eksamens vir grade, diplomas en sertifikate in die geneeskundige en tandheelkundige fakulteite van universiteite of in geneeskundige en tandheelkundige skole in die Republiek van Suid-Afrika waarvan die grade, diplomas en sertifikate kragtens die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), soos gewysig, erken word of ten opsigte waarvan erkenning gevra is.”

Government Notice No. R. 1691 of 30th October, 1964, as amended:

By the addition of the following further qualifications under the heading:

(a) *Medical Practitioners.*

| <i>Examining Authority</i> | <i>Qualification</i>                       | <i>Abbreviation for Registration</i> |
|----------------------------|--|--------------------------------------|
| University of Stellenbosch | Master of Medicine (Diagnostic Radiology)  | M.Med. (Rad.D.) Univ. Stell.         |
